VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

11 Julie	**Johanna de Bruyn, (88 jaar).** Wyk 4
12 Julie	**Elize Bezuidenhout**. Wyk 4
	Benjamin Boersema, Wyk 17
	Hester Venter, (87 jaar) Wyk 13
13 Julie	**Mara Boneschans,** Wyk 2
	Ockie Buys, (93 jaar) Wyk 15
14 Julie	**Ria Esterhuizen,** Wyk 7
	Annatjie Walker, Wyk 20
15 Julie	**Mari Badenhorst, (87 jaar)** Wyk 12
17 Julie	**Gert Kruger (Jnr),**. Wyk 16
	Johan Markgraaff, Wyk 10

Die spesiale kollektes in Julie 2021 gaan vir:

Sondag	4 Julie	**Bybelverspreiding**
Sondag	11 Julie	Klassis Potchefstroom Sustentasiekas
Sondag	18 Julie	Trans Oranje Instituut
Sondag	25 Julie	Teologiese Studentekas

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 25 Sondag 11 Julie 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling van wyk 17 **Kobus Mentz** en wyk 18 **Piet Aartsma.**
Diakens: Wyk 17 **Danie Nortjé** en wyk 18 **Pieter Bouwsema.**

EREDIENSTE Eredienste waargeneem deur prof Callie Coetzee

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30: EREDIENSTE PER WHATSAPP
Skriflesing: Efesiërs 1
TEMA: ***Hemelse seënstrome in 'n donker tyd***.
Sing: Psalm 68: 12, 13; Psalm 25: 2, 3; Psalm 89:1, 6;
Skrifberyming 24: 1, 3; (Tema 1 - 1).

Aanddiens om 18:00. Skriflesing: Markus 10
Heidelbergse Kategismus Sondag 44
Sing: Psalm 135:1, 8; Skrifberyming 26: 10, 11 (Tema 9 - 1);
Psalm 66: 7, 9.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Klassis Potchefstroom Sustentasiekas*** in die rooi sakkies.
Vanaand: *Diens van Barmhartigheid* en *Kerkkas*

Name ter approbasie vir die diens van ouderling
Die name van **Thinus Dreyer** en **Jasper Dreyer** word ter approbasie vir die dienswerk van ouderling aan die gemeente voorgehou. Vanoggend is die derde afkondiging van hulle name. Indien die broers die roeping opvolg, sal hulle met die eerste geleentheid wanneer ons weer in die erediens kan saamkom, in hulle diens bevestig word.

Ons gemeenteblad "Op die Kerkwerf" verskyn elke week op die webwerf (www.gkpotchefstroom.co.za). Die preke van Sondae word op WhatsApp asook op die Webwerf uitgestuur

LIEF EN LEED

Jane Coetsee is steeds in Multisorg. Ons dra haar en haar dierbares steeds in ons gebede op aan ons hemelse Vader. Mag sy onmisbare seën rus op die behandeling.

Ons dogter **Hanlie,** haar man **Ryan** en hulle jongste dogter **Simone** het positief getoets vir Covid 19. Hulle oudste dogter **Zara** het wel negatief getoets maar het ook duidelike simptome. Ons bid vir spoedige beterskap. Prof Callie en Susan.

Fanie Jooste het gister 'n operasie aan sy hand ondergaan. Ons is saam met hom dankbaar dat die operasie goed afgeloop het en bid hom 'n spoedige en geseënde herstel toe.

Ons doen voorbidding vir **Willem de Klerk** wat, ná die prosedure wat hy in Klerksdorp ondergaan het, tuis aan-sterk. Hy het egter Vrydag positief getoets vir Covid-19 en is tuis in isolasie. Dit is ons gebed dat ons Vader Willem met sy liefde en trou sal dra deur hierdie tydperk van isolasie.

Die begrafnis van **Elmie Reynecke** het die afgelope Woensdag plaasgevind en **Cas Stoop** is Vrydag te ruste gelê.
Ons betuig opnuut ons innige meegevoel met hulle dierbares en bid om die ryke vertroosting van ons hemelse Vader.

Ds Jannes en Yolandi en sy gesin sal vir die volgende twee weke met verlof weg wees. Ons bede is dat hulle 'n aangename en geseënde rustyd sal geniet. Hulle het ook môre 'n afspraak met die spesialis onder wie se behandeling Suhanli is.

Ons bede is dat dit 'n geseënde afspraak sal wees en dat ons Vader die behandeling verder sal seën.

Ons vra ook dat u in hierdie tyd van Ds Jannes se verlof enige siekte of ander besondere omstandighede aan u wyksouderling en ook aan my sal deurgee.

Die volgende onderhoud op Pretoria FM met die Redakteur van *Die Kerkblad* word op **Sondag 18 Julie 2021** tussen 07:45 en 08:00 uitgesaai. Lidmate kan daarna luister op PretoriaFM104.2 MHz/106.6 MHz of TV Oudiokanaal 887.

DAGBOEK

ATTESTATE

Die (reis)attestaat van **Pieter Stoker** word afgegee aan GK Hartbeespoort, waar hy al die afgelope aantal jare by een van sy kinders woon.

BYBELSTUDIES:

Do	15/07	18:30	Virtueel	Kontak Paul Krüger 076 993 3775 Frieda Theron 078 324 5267

VAN ONS KERKRAAD

POPIA

In lyn met die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting word lidmate wat nie wil hê dat hulle persoonlike inligting in *Op die Kerkwerf* gepubliseer moet word nie, die kerkkantoor asseblief onverwyld daarvan in kennis stel. In u kennisgewing moet u asseblief ook duidelik stipuleer watter inligting weerhou moet word. Die *Op die Kerkwerf* wat op die webblad geplaas sal word, sal geen kontak-nommers of adresse bevat nie, slegs inligting wat die onderlinge meelewing sal bevorder (byvoorbeeld: siekte, sterfte of verjaardae). Indien u nie wil hê dat hierdie inligting elektronies gepubliseer moet word nie, moet u dit asseblief so aan die kerkkantoor deurgee.

Die Kerkblad

Die jongste uitgawe van Die Kerkblad is beskikbaar en intekenare kan dit Dinsdagoggend tussen 10:00 en 11:00 by die kerk kom afhaal.
Lidmate wat graag wil inteken op Die Kerkblad, kan met my of Piet Aartsma skakel.
Die voortbestaan van ons blad is afhanklik van soveel intekenare as moontlik.
Die intekengeld is R323 per jaar (11 uitgawes) vir die harde kopie en R135 per jaar vir die elektroniese uitgawe.